

Groepwerkaktiwiteit: SWOT-analise¹ van die GSK-bedryf in Suid-Afrika

Opvoederaantekeninge

1. **Leerdoelstelling:** Om te verstaan hoe Suid-Afrika 'n wêreldleier in die gekonsentreerde sonkrag- (GSK-)bedryf **kan** word, deur 'n SWOT-analise te doen. Dit is 'n geleentheid vir die leerders om 'n aktiewe rol in die leerproses te speel deur groepsbesprekings en besluitnemingsprosesse met behulp van minimale materiaal. Hierdie oefening ontwikkel vaardighede in data-ontleding en probleemoplossing.

2. **Materiaal benodig:** Elke groep van vier leerders benodig die volgende:

- Uitdeeltstuk van die 16 bevindings wat deel van die SWOT-analise vorm
- 'n Skêr
- Gomstiffies
- 'n A3-bladsy wat hulle in die volgende matriks verdeel:

Sterk punte (positiewe eienskappe van GSK-bedryf)	Swak punte (negatiewe eienskappe van GSK-bedryf)
Geleenthede (eksterne faktore wat die sterk punte van GSK in RSA kan ondersteun)	Bedreigings (potensiële probleme of risiko's wat GSK daarvan kan weerhou om volle kapasiteit in RSA te bereik)

3. **Verduideliking:**

In 'n onlangse studie² wat onderneem is om ondersoek in te stel na die vervaardigingsvermoëns en potensiaal van Suid-Afrika om 'n leier in die GSK-bedryf te word, is 'n SWOT-analise gedoen. Die bevindings van die analise het getoon dat die droom verwesenlik kan word as die swak punte en bedreigings hanteer word. Die leerders se eerste taak is om die 16 bevindings van die SWOT-analise uit te knip en dit in sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings te groepeer. Dit behoort 20 minute te neem.

'n Groepswoordvoerder word dan gekies om aan die klas verslag te doen waarom hulle die verskillende bevindings in elke kategorieë geplaas het. Die groepe se analyses sal waarskynlik verskil. Gee vir elke groep twee tot drie minute, en deel dan die resultate van die werklike SWOT-analise in die SASTELA-verslag met die klas. Pas streng reëls tydens die terugvoersessie toe om hul luistervaardighede te versterk.

Uiteindelik kies elke groep een swak punt en een bedreiging vir die GSK-bedryf en stel dan oplossings vir hierdie probleme voor.

¹ 'n SWOT-analise is 'n interne studie wat gebruik word om die sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings van 'n organisasie of onderneming te verstaan.

² Verwysing: Assessment of the localisation, industrialisation and job-creation potential of CSP infrastructure projects in South Africa – A 2030 vision for GSK (www.sastela.org).

Resultate van oorspronklike SWOT-analise³

Sterk punte

- Sterk plaaslike boumaatskappye
- Plaaslike vervaardiging van toerusting (staalpype) voldoen aan internasionale GSK-standaarde
- Sterk vaardighede en ervaring in mynbou, wat na die GSK-bedryf oorgedra kan word
- N&O- (navorsing en ontwikkeling) aktiwiteite ondersteun nuwe plaaslike tegnologie

Swak punte

- Tekort aan geskikte geskoolde arbeid
- Hoë plaaslike vervoerkoste vanaf die hawe na die Upington-perseel
- Onproduktiewe arbeidsmag
- Hoë koste van plaaslike grondstowwe (staal en glas)

Geleenthede

- RSA het een van die hoogste direkte normale bestralingsvlakke in die wêreld
- GSK kan die toon aangee vir vervanging van steenkool met hernubare energie
- RSA-verbruikers eis goedkoper energie
- Plaaslike besighede kan spieëls vervaardig

Bedreigings

- Mededinging met verskaffers van ander lande waar plaaslike lone laer is
- Onvoldoende fondse vir N&O
- Hoë waterverbruik en tekort aan water in Suid-Afrika
- Probleme om finansiering te verkry om GSK-beleggings te befonds

³ Verwysing: Voetnoot 2

Plaaslike vervaardiging van toerusting (staalpype) voldoen aan internasionale GSK-standaarde	Mededinging met verskaffers van ander lande waar plaaslike lone laer is
Plaaslike besighede kan spieëls vervaardig	Tekort aan geskikte geskoolde arbeid
Onproduktiewe arbeidsmag	Hoë koste van plaaslike grondstowwe (staal en glas)
RSA-verbruikers eis goedkoper energie	Sterk plaaslike boumaatskappye
Onvoldoende fondse vir N&O	Hoë waterverbruik en tekort aan water in Suid-Afrika
RSA het een van die hoogste direkte normale bestralingsvlakke in die wêreld	Probleme om finansiering te verkry om GSK-beleggings te befonds
GSK kan die toon aangee vir vervanging van steenkool met hernubare energie	Hoë plaaslike vervoerkoste vanaf die hawe na die Upington-perseel
N&O-aktiwiteite ondersteun nuwe plaaslike tegnologie	Sterk vaardighede en ervaring in mynbou, wat na die GSK-bedryf oorgedra kan word